AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

# This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.

# Help ensure our sustainability.

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
http://ageconsearch.umn.edu
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

*No endorsement of AgEcon Search or its fundraising activities by the author(s) of the following work or their employer(s) is intended or implied.*

Ser.

AGRICULTURAL OUTLOOK CONFERENCE 1986

# AGROCON LANVOKON '86

LANDBOUVOORUITSKOUINGSKONFERENSIE 1986

**PRESENTED BY —**

- Agricultural Economics Association of South Africa
- Co-ordinating Committee of Agricultural Marketing Boards
- Department of Agricultural Economics and Marketing
- Department of Agriculture and Water Supply
- National Marketing Council
- SA Agricultural Union

## CSIR CONFERENCE CENTRE
## Pretoria

10 AND 11 FEBRUARY 1986

ROOIBOS

## VOORUITSKOUING 1986

## ROOIBOSTEE

1. EVALUERING VAN DIE 1985-VOORUITSKOUING

Alle verwagtinge soos in die vooruitsig gestel vir 1985, word byna oornag deur die "kontaminasie dilemma", wat die Rooibosbedryf einde 1984 getref het, omvergewerp.

Op hierdie stadium was die bedryf reeds in 'n wanbalans situasie, ten opsigte van vraag en aanbod, en was regstellende maatreëls vir 1985 ingestel met behulp van 'n 41,7% produksie-inperking, teenoor 1984 en die verlaging van produsentevoorskotsprys met 19,6%. Die stappe ter oorbrugging van hierdie oorproduksie situasie, wat ontstaan het as gevolg van bo-normale produksie-uitbreidings in 'n periode van gunstige klimaatstoestande, verg na die genoemde "dilemma" verdere drastiese regstellende aanpassings, soos die verlaging van die reeds ingestelde leweringskwotas met 'n verdere 25%, wat die totale produksie-inperking op 56,3% te staan bring, teenoor 1984.

Die verwagting was ook dat verkope weer eens sal styg gedurende 1985 en wel met 18,0%, dog daal dit egter met 17,7% as gevolg van genoemde "dilemma".

Die onderstaande tabel illustreer die volle produksie/verbruik/voorrade situasie einde 1985:-

| JAAR | PRODUKSIE | VERBRUIK | VOORRAAD |
|---|---|---|---|
| | kg | | |
| 1979 | 1 384 110 | 2 224 073 | 19 332 |
| 1980 | 1 894 489 | 1 880 345 (1) | 67 076 |
| 1981 | 3 245 185 | 3 141 284 (1) | 186 952 |
| 1981/82 | 5 051 650 | 2 022 222 | 3 216 385 |
| 1982/83 | 5 501 300 | 2 750 790 | 5 954 070 |
| 1983/84 | 6 863 000 | 3 039 385 | 9 757 000 |
| 1984/85 | 3 000 000 (2) | 2 457 000 | 10 300 000 |

(1) Beheerde verkope

(2) Beheerde produksie

'n Algemene/....

'n Algemene vraag is of die bedryf die volle "dilemma" sal kan oorleef, en die antwoord .... ja .... met die hulp en steun van die betrokke Staatsdepartemente, sekere privaat instellings, en die Rooibosteeraad is reeds ver gevorder, dog het dit gepaard gegaan met ingrypende regstellende stappe en aanpassings.

2. PRODUKSIE

Rooibosteeproduksie-inname word tans met 'n bemarkingspermitstelsel beheer en word in balans volgens die vraag- en voorrade-situasie toegepas.

Die ernstige wanbalans verg verdere inperkinge vir 1986 en voorsien die Rooibosteeraad om slegs 2 000 ton per jaar tot 1989 in te neem, om sodoende teen die verwagte verkopekoerse die nodige herstel te bewerkstellig. Die verdere inperking verteenwoordig 'n verdere 33,3% daling teenoor 1985 en in totaal, 'n 70% inperking teenoor die rekord produksie van 1984.

2.1 Produksie-omvang en brutowaarde

Die onderstaande tabel toon die bedryfsgroei oor die afgelope dekade vanaf 1976 tot 1985 en verteenwoordig 'n uittreksel uit die aangehegde Bylae I, asook die 1986-vooruitskouingsvolume:-

| JAAR | PRODUKSIE (TON) | BRUTOWAARDE BEREKEN TEEN VERPAKKERS AANKOOPSPRYSE (R1 000)* |
|---|---|---|
| 1976 | 2 059 | 1 430 |
| 1984 | 6 863 (Rekord jaar) | 10 123 |
| 1985 | 3 000 | 5 325 |
| 1986 | 2 000 | 3 600 |

*Aankoopspryse is die geweegde gemiddelde vir die spesifieke jaar.

Die daling in plantasie-oppervlakte gedurende 1985 vanaf 23 678 ha tot 18 496 ha en die lae aanplantingskoers van slegs 884 ha teenoor die gemiddelde aanplantingskoers van ± 4 000 ha per jaar, is reeds 'n aanduiding dat produsente vinnig aanpas.

2.2 Produksiepotensiaal

Om Rooibostee se volle produksiepotensiaal te ontwikkel, sal dit nou saamhang met die realisering van groter produksiestabiliteit in die bedryf aan die een kant, asook markontwikkeling vir die skepping van die nodige vraag.

Om/....

V

Om produksiestabiliteit te verseker sal produksieknelpunte soos die gebrek aan verbeterde plantmateriaal, sekere terugsterwingsiektes, insekteprobleme, die gebrek aan kennis van die meer korrekte en wetenskaplike gefundeerde verbouingsmetodes, verkeerde oesmetodes, die ondoeltreffende vogbewaringspraktyke, die hervestiging van plantasie op ou teegronde, uitgeskakel moet word en sal die oorbrugging daarvan aansienlike effekte inhou op die produksie van Rooibostee.

Daadwerklike pogings is reeds verwerklik deur die Navorsingsinstituut vir Vrugte- en Vrugte-tegnologie te Stellenbosch met die daarstelling van 'n Adhoc-Navorsingswerksgroep. Produksieprobleem prioriteite word geïdentifiseer, 'n plan van aksie word geloods, met die nodige navorsingsprojekte reeds geregistreer en in volle swang.

Indien die verbruikersvraag in die nabye toekoms in nouer balans met produksie beweeg, sal die Raad van Beheer die nodige produksiebeperkende maatreëls ophef, prysaanpassings ter produksiestimulasie tydig doen en sal dit bydra tot die verhoging van die aanplantingsintensiteit met die hoër produksie wat so sal volg.

3. <u>BEMARKING</u>

In gedagte die regstellingsaksies ten opsigte van die omvangryke voorradesituasie,is dit nodig om dit nie net te bewerkstellig met produksiebeheer of met ontmoedigende produsentepryse nie, maar om ook doeltreffende markontwikkeling te doen, binne- so wel as buitelands. Te alle tye moet daar ook in gedagte gehou word, dat om 'n stabiele markvoorsiening te verseker, daar voorsiening vir voldoende reserwevoorrade gedoen moet word, veral omrede die feit dat Rooibosteeproduksie aan fluktuerende klimaatsomstandighede onderhewig is en redelik gevoelig is vir sekere tendense in die markte van sy hoofkonkurrente in die warm-dranke mark.

3.1 <u>Verbruik: Binnelands</u>

3.1.1 Verbruik

Die volgende tabel illustreer die jaarlikse verbruik vir die afgelope 4 jaar ten opsigte van massa verbruik teen brutowaarde soos voorsien aan die verpakker verspreiders, soos geregistreer by die Raad, as ook die verwagte 1986-

vooruitskouing/....

vooruitskouing. Sien bylae II vir 'n volledige vergelyking oor die afgelope tien jaar:-

| JAAR | MASSA VERBRUIK (TON) | BRUTO WAARDE (R) |
|---|---|---|
| 1982 | 2 022 | 2 901 570 |
| 1983 | 2 750 | 3 946 500 |
| 1984 | 3 039 | 4 491 642 |
| 1985 | 2 500* | 4 437 500 |
| 1986 | 2 800 | 5 040 000 |

*Beraam

Alle bruto waardes is bereken teen gemiddelde heersende verkoopspryse van Raad aan verpakkers soos vir die spesifieke jaar bepaal.

3.1.2 Verbruikspotensiaal

Die Raad en sy geregistreerde verpakkers is deurlopend besig met markontwikkeling en is ten spyte van die "terugslag" steeds besig om goeie vordering te maak, hoewel nie genoegsaam om met produksie te balanseer nie. Indien die laaste agt maande egter as basis geneem word, dui die projeksie daarvan reeds op 'n jaarvolume syfer van 2 900 ton.

Hoewel die bedryf se verkope tans nog in 'n herstelfase is, is die omvang en tempo waarin die herstel geskied het, bemoedigend, in aggenome alle negatiewe faktore en die oorbruggingsprobleme.

Hoewel Rooibostee tans 'n redelike negatiewe beeld het by sommige verbruikers, het die meeste lojaal gebly teenoor die produk, sodanig dat sommiges self gewillig is om 'n positiewe bydrae te maak om die produk weer in ere te herstel.

Die Raad poog egter om gedurende 1986 met effektiewe promosies die produk landswyd te adverteer en met die hulp van sy verspreiders, sal ook intensiewe handelsmerkreklame geloods word.

Die 1986-bemarkingsprogram is reeds beplan, met die nodige bemarkingsplatform, doelwitte en teikenmarke geidentifiseer en almal betrokke is opgewonde oor die reeds getoetsde reaksie daarop.

Sekere/....

Sekere verwerkingsaanpassings, asook produkontwikkelinge wat groter verbruiksaanvaarbaarheid mag inhou, is onder andere aspekte wat die bedryf op 'n persoonlike produkbevorderingsgrondslag in sekere selektiewe markte sal reklameer, en dit behoort ook mee te help om sodoende die nodige mikpunte te kan bereik.

3.1.3 Rol van subsitute

Rooibostee kompeteer in die warm-dranke mark hoofsaaklik teen Koffie en Swarttee. Beide is oorwegend ingevoerde produkte,maar met plaaslike, snel ontwikkelende bedrywe, veral die Swartteebedryf wie reeds in die omgewing van 40% van die totale verbruik uitmaak.
Die verbruik van die twee konkurrente is baie staties, veral weens die hoë prysvlakke ervaar oor die afgelope 2 jaar. Hoewel Swartteepryse weens buitelandse oorproduksie besig is om af te plat, verseker die hoë pryse vir die binnelandse geproduseerde produk, dat pryse konstant sal bly in die nabye toekoms.
Daar word egter verwag dat Koffiepryse aansienlik sal styg weens die algemene ondervoorsieningstendens. Suid-Afrika wie nie lid is van die Wêreld Koffie Verspreiders Vereniging nie, was in die verlede 'n aflaaipunt (dumping point) in tye van surplusse teen pryse laer as die beskermde pryse en wat tans nie die geval is nie.
In die geheel gesien, bly die situasie heel gunstig vir Rooibostee, omdat dit in 'n baie gunstige prysklas posisie verkeer.
Tans vorm Rooibostee slegs ± 6% van die totale tee- en koffie-mark en bied dit aansienlike uitdagings vir die plaaslik geproduseerde produk.

3.2 <u>Buitelandse verbruik</u>

3.2.1 Uitvoere volume

Rooibosteeuitvoere vorm maar 'n klein gedeelte, slegs 5% van die totale afset, tog is daar bemoedigende groei, veral oor die afgelope jaar, en word verwag dat uitvoere aansienlik sal groei en 'n belangrike rol in Rooibostee-

bemarking in sy geheel sal speel.
Die volgende tabel toon die uitvoere oor die afgelope 3 jaar. Bylae III toon uitvoere oor die afgelope 10 jaar:-

| JAAR | MASSA UITGEVOER (TON) | WAARDE BEREKEN TEEN VERPAKKERS AANKOOPSPRYSE (R) |
|---|---|---|
| 1983 | 142 | 209 450 |
| 1984 | 177 | 278 775 |
| 1985 | 200 | 355 000 |
| 1986 | 250 | 450 000 |

Die Raad het gedurende 1985 die nodige goedkeuring ontvang om op te tree as alleen-uitvoerder van Rooibostee vanuit die R S A. Hoewel die Raad nie self sal uitvoer nie, kan meer ordelikheid in die uitvoere geskep word deur die gekontroleerde aanstelling van agente en/of uitvoerders na spesifieke lande. Die Raad het reeds die nodige aanstellings gedoen na 48 lande en is die betrokkenes reeds aktief besig.
Veral in Japan is die markbevorderingsaksies baie intensief en lewer hierdie mark, saam met Wes-Duitsland, Switserland en die Verenigde State reeds bemoedigende resultate.
Die projeksies vir Japan soos voorgehou deur die Rooibosteeraad se agente aldaar, is as volg:-

<u>1985 - 100</u> ton
<u>1986 - 150</u> ton
1987 - 225 ton
1988 - 335 ton
1989 - 500 ton
1990 - 750 ton

Die uitvoerontwikkelinge hou vir die bedryf aansienlike moontlikhede in en met die toenemende gesondheidsbewustheidsera in swang, veral in die buiteland, word dit voorspel dat uitvoere ook die binnelandse verbruiksvolumes sal kan verbysteek voor die uitloop van die eeu.

4./....

## 4. PRYSE

### 4.1 Produsenteprys

Die prysbeleid van die bedryf is hoofsaaklik gefundeer op vraag en aanbod, met in aggenome sekere ander prysbepalende aspekte. Die snelle akkumulerende voorrade en die vergrootte invloed wat die "dilemma" daarop gehad het, het finansiering sodanig verhoog dat drastiese regstellende stappe gedoen moet word. Hoewel daar regverdiging was om verbruikerspryse te verhoog weens die steeds stygende vraag- en prysverskille met Rooibostee se substitute, moes die produsent ook sekere prysoffers bring.

Hoewel Voorskotpryse reeds vanaf 1982 konstant gehou was, was die Raad verplig om dit te verlaag met 19,6% gedurende 1985 en sal so gehandhaaf word gedurende 1986. Hoewel die voorskotte normaalweg ± 70% is van die netto produsenteverdienste, sal die 1983- en 1984-oeste geen Agterskotte uitbetaal nie, weens die verlengde opbergingstermyn en die verhoogde finansieringskoste weens hoë rentekoerse soos ervaar sedert September 1983.

Die geweegde gemiddelde Voorskotpryse is as volg (c/kg):-

1982 - 76,5
1983 - 76,5
1984 - 76,5
1985 - 61,5
1986 - 61,5

### 4.2 Verkoopspryse van Raad aan verpakkers

Om die nodige balans met sy substitute se pryse reg te stel, en in die lig van die vraag- en aanbod wanbalans situasie, het die Raad sy verkoopspryse aan verpakkers konstant gehou gedurende 1981, 1982 en 1983 teen ± 140c/kg. Sedert 1983 is die pryse egter geleidelik verhoog, hoofsaaklik om sodoende die Raad se stabilisasieheffingsfondse te verstewig, met die doel tot delging van groter markontwikkelingskoste, moontlike oesfinansierings-verliese weens hoë voorrade akkumulering, die verhoogde poelkostes, asook vir die eise teen Raad as gevolg van die kontaminasie "dilemma".

V

Die volgende geweegde gemiddelde aankoopspryse illustreer die situasie. Sien ook Bylae IV:-

| JAAR | AANKOOPSPRYSE - VERPAKKERS (C/KG) |
|---|---|
| 1981 | 140,5 |
| 1982 | 140,5 |
| 1983 | 144,5 |
| 1984 | 147,5 |
| 1985 Januarie | 157,5 |
| 1985 April | 177,5 |
| 1986 | 180,0 |

4.3 Verbruikerspryse

Hierdie prystendens het 'n invloed op die verbruikerspryse gehad, maar ander onbeheerde ekonomiese faktore het egter 'n veel groter invloed gehad, veral omdat die verbruikerspryse nie deur die Raad in die handel beheer word nie, en hul op 'n vrye markgrondslag bepaal word, deur onder andere aspekte soos bemarkingskostes, vervoerkostes, finansieringskostes, arbeid, materiaalkostes, inflasie, ens.

Die verbruikersprys vir Rooibostee vir die voorafgaande 2 jaar was as volg in teesakkies en vir los verpakte tee:-

| JAAR | TEESAKKIES (C/KG) | LOS VERPAK (C/KG) |
|---|---|---|
| 1984 | 606 | 429 |
| 1985 | 775 | 575 |

Hoewel die prys aan die Rooibosteeraad se verpakkers met 12,7% styg oor dié periode, styg die prys in die handel met 27,9% en 34,0% onderskeidelik. Die Raad is egter in noue kontak met die verspreiders en die handel self en is op hoogte met verskillende prysbepalende faktore.

Die markontwikkelingskoste, soos reklamering, verg groot insette om voorrade te beweeg en beloop die Raad se verpakkers se koste ten opsigte van markontwikkeling, wat tans vir die bedryf baie belangrik is, ± 1½ miljoen rand.

5. TOEKOMSBLIK

As 'n klein en ontwikkelende bedryf, met 'n besondere markpotensiaal, maar met sekere produksiebeperkinge, sal Rooibostee in die nabye toekoms nie 'n noemenswaardige rol speel in totale landbou-opset in sy geheel nie.

Op/....

Op gebiedsbasis en so in sy area van produksie, sal sy posisie as een van die meer belangrikwordende afdelings van die gemengde boerderykompleks, steeds meer in omvang toeneem. Die feit dat sy produsentegetal reeds tot 400 gestyg het, is 'n onweerlegbare bewys.

Die feit dat dit 'n plaaslik geproduseerde kommoditeit is, wat deel vorm van 'n kommoditeitegroep waarvan meer dan 60% nog ingevoer word, verleen Rooibos dit self tot verdere ontwikkeling en sal dit tesame met ander soortgelyke en steeds groterwordende plaaslik geproduseerde kommoditeite, vir ons landsekonomie, koste- en valutabesparingsvoordele inhou.

Bo en behalwe dit, wag egter nog 'n onontginde buitelandse mark op die werklike bekendstelling van die produk.

Die huidige wanbalans tussen vraag en aanbod is egter medium termyn van aard en kan met doelbewuste produksieafplatting en doelgerigte markontwikkeling, die balanspunt vorentoe bewerkstellig word deur die skepping van groter koördinasie tussen die produsent en die bemarker.

Met 'n beleid van beheer gegrond op die suiwer bedryfsekonomiese beginsels en die samewerking van alle sektore, kan 'n "stewige Rooibosteebedryf" vir die toekoms verseker word.

---oooOOOooo---

V

BYLAE I - ROOIBOSTEEPRODUKSIE

APPENDIX I - ROOIBOS TEA PRODUCTION

| Jaar | Produksie | Bruto-waarde teen netto verpakkersprys |
|---|---|---|
| Year | Production Ton | Gross value at net packers price R(000) |
| 1976 | 2 059 | 1 430 |
| 1977 | 2 995 | 2 282 |
| 1978 | 2 507 | 2 143 |
| 1979 | 1 384 | 1 296 |
| 1980 | 1 894 | 2 145 |
| 1981 | 3 245 | 4 304 |
| 1982 | 5 051 | 7 235 |
| 1983 | 5 750 | 8 480 |
| 1984 | 6 863 | 10 123 |
| 1985 | 3 000* | 5 325 |
| 1986 | 2 000* | 3 600 |
| 1987 | 2 000* | 3 600 |

*Beraam/Estimated

V

## BYLAE II - ROOIBOSTEEVERBRUIK
## APPENDIX II - ROOIBOS TEA CONSUMPTION

| Jaar | Massa verbruik | Bruto waarde soos voorsien aan verpakkers |
|---|---|---|
| Year | Volume consumed Ton | Gross value as supplied to packers R(000) |
| 1973 | 1 152 | 554 |
| 1974 | 1 241 | 689 |
| 1975 | 1 616 | 1 018 |
| 1976 | 1 543 | 1 022 |
| 1977 | 2 645 | 1 841 |
| 1978 | 3 363 | 2 572 |
| 1979 | 2 281 | 2 155 |
| 1980 | 2 232 | 2 528 |
| 1981 | 2 885 | 4 123 |
| 1982 | 2 022 | 2 901 |
| 1983 | 2 750 | 3 946 |
| 1984 | 3 039 | 4 482 |
| 1985 | 2 500 | 4 500 |
| 1986 | 2 800* | 5 040 |
| 1987 | 3 250* | 5 850 |

*Beraam/Estimated

V

BYLAE III - UITVOERE VAN ROOIBOSTEE

APPENDIX III - EXPORTS OF ROOIBOS TEA

| Jaar<br>Year | Uitvoer<br>Export<br>Ton |
|---|---|
| 1975 | 86 |
| 1976 | 104 |
| 1977 | 74 |
| 1978 | 140 |
| 1979 | 94° |
| 1980 | 85° |
| 1981 | 140 |
| 1982 | 131 |
| 1983 | 142 |
| 1984 | 177 |
| 1985 | 240* |

*Beraam/Estimated

°Onder kwota/Under quota

V

BYLAE IV - ROOIBOSTEEVERKOOPSPRYSE

APPENDIX IV - ROOIBOS TEA SELLING PRICES

| Oes jaar | Geweegde gemiddelde verkoopspryse. |
|---|---|
| Year of crop | Weighed average selling prices |
| 1976 | 68,00 |
| 1977 | 86,00 |
| 1978 | 92,50 |
| 1979 | 111,00 |
| 1980 | 131,00 |
| 1981 | 140,50 |
| 1982 | 140,50 |
| 1983 | 144,50 |
| 1984 | 147,50 |
| 1985 | 177,50 |
| 1986* | 180,00 |

*Beraam/Estimated

ROOIBOS

V

**SAMEVATTING**

**VOORUITSKOUING 1986**

**ROOIBOSTEE**

1. EVALUERING VAN DIE 1985-VOORUITSKOUING

Alle verwagtinge soos in die vooruitsig gestel vir 1985, word byna oornag deur die "kontaminasie dilemma", wat die Rooibosbedryf einde 1984 getref het, omvergewerp.

Op hierdie stadium was die bedryf reeds in 'n wanbalans situasie, ten opsigte van vraag en aanbod, en was regstellende maatreëls vir 1985 ingestel met behulp van 'n 41,7% produksie-inperking, teenoor 1984 en die verlaging van produsentevoorskotsprys met 19,6%. Die stappe ter oorbrugging van hierdie oorproduksie situasie, wat ontstaan het as gevolg van bo-normale produksie-uitbreidings in 'n periode van gunstige klimaatstoestande, verg na die genoemde "dilemma" verdere drastiese regstellende aanpassings, soos die verlaging van die reeds ingestelde leweringskwotas met 'n verdere 25%, wat die totale produksie-inperking op 56,3% te staan bring, teenoor 1984.

Die verwagting was ook dat verkope weer eens sal styg gedurende 1985 en wel met 18,0%, dog daal dit egter met 17,7% as gevolg van genoemde "dilemma".

'n Algemene vraag is of die bedryf die volle "dilemma" sal kan oorleef, en die antwoord .... ja .... met die hulp en steun van die betrokke Staatsdepartemente, sekere privaat instellings, en die Rooibosteeraad is reeds ver gevorder, dog het dit gepaard gegaan met ingrypende regstellende stappe en aanpassings.

2. PRODUKSIE

Rooibosteeproduksie-inname word tans met 'n bemarkingspermitstelsel beheer en word in balans volgens die vraag- en voorrade-situasie toegepas.

Die/....

Die ernstige wanbalans verg verdere inperkinge vir 1986 en voorsien die Rooibosteeraad om slegs 2 000 ton per jaar tot 1989 in te neem, om sodoende teen die verwagte verkopekoerse die nodige herstel te bewerkstellig. Die verdere inperking verteenwoordig 'n verdere 33,3% daling teenoor 1985 en in totaal, 'n 70% inperking teenoor die rekord produksie van 1984.

Die daling in plantasie-oppervlakte gedurende 1985 vanaf 23 678 ha tot 18 496 ha en die lae aanplantingskoers van slegs 884 ha teenoor die gemiddelde aanplantingskoers van ± 4 000 ha per jaar, is reeds 'n aanduiding dat produsente vinnig aanpas.

3. <u>BEMARKING</u>

In gedagte die regstellingsaksies ten opsigte van die omvangryke voorradesituasie, is dit nodig om dit nie net te bewerkstellig met produksiebeheer of met ontmoedigende produsentepryse nie, maar om ook doeltreffende markontwikkeling te doen, binne- so wel as buitelands. Te alle tye moet daar ook in gedagte gehou word, dat om 'n stabiele markvoorsiening te verseker, daar voorsiening vir voldoende reserwevoorrade gedoen moet word, veral omrede die feit dat Rooibosteeproduksie aan fluktuerende klimaatsomstandighede onderhewig is en redelik gevoelig is vir sekere tendense in die markte van sy hoofkonkurrente in die warm-dranke mark.

3.1 <u>Verbruik - Binnelands</u>

Die Raad en sy geregistreerde verpakkers is deurlopend besig met markontwikkeling en is ten spyte van die "terugslag" steeds besig om goeie vordering te maak, hoewel nie genoegsaam om met produksie te balanseer nie. Indien die laaste agt maande egter as basis geneem word, dui die projeksie daarvan reeds op 'n jaarvolume syfer van 2 900 ton.

Hoewel die bedryf se verkope tans nog in 'n herstelfase is, is die omvang en tempo waarin die herstel geskied het, bemoedigend, in aggenome alle negatiewe faktore en die oorbruggingsprobleme. Ten spyte van dat Rooibostee tans 'n redelike negatiewe beeld het by sommige verbruikers, het die meeste lojaal gebly teenoor die produk, sodanig dat sommiges self gewillig is om 'n positiewe bydrae te maak om die produk weer in ere te herstel.

Die Raad poog egter om gedurende 1986 met effektiewe promosies

die produk landswyd te adverteer en met die hulp van sy verspreiders, sal ook intensiewe handelsmerk-reklame geloods word.

Die 1986-bemarkingsprogram is reeds beplan, met die nodige bemarkingsplatform, doelwitte en teikenmark is geidentifiseer en almal betrokke is opgewonde oor die reeds getoetsde reaksie daarop.

Sekere verwerkingsaanpassings, asook produkontwikkelinge wat groter verbruiksaanvaarbaarheid mag inhou, is onder andere aspekte wat die bedryf op 'n persoonlike produkbevorderingsgrondslag in sekere selektiewe markte sal reklameer, en dit behoort ook mee te help om sodoende die nodige mikpunte te kan bereik.

3.2 Buitelandse verbruik

Rooibostee-uitvoere vorm maar 'n klein gedeelte, slegs 5% van die totale afset, tog is daar bemoedigende groei, veral oor die afgelope jaar, en word verwag dat uitvoere aansienlik sal groei en 'n belangrike rol in Rooibosteebemarking in sy geheel sal speel.

Die Raad het gedurende 1985 die nodige goedkeuring ontvang om op te tree as alleen-uitvoerder van Rooibostee vanuit die RSA. Hoewel die Raad nie self sal uitvoer nie, kan meer ordelikheid in die uitvoere geskep word deur gekontroleerde aanstelling van agente en/of uitvoerders na spesifieke lande. Die Raad het reeds die nodige aanstellings gedoen na 48 lande en is die betrokkenes reeds aktief besig.

Veral in Japan is die markbevorderingsaksies baie intensief en lewer hierdie mark, saam met Wes-Duitsland, Switserland en die Verenigde State reeds bemoedigende resultate.

Die uitvoerontwikkelinge hou vir die bedryf aansienlike moontlikhede in en met die toenemende gesondheidsbewustheids-era in swang, veral in die buiteland, word dit voorspel dat uitvoere ook die binnelandse verbruikersvolumes sal kan verbysteek voor die uitloop van die eeu.

4. OPSOMMEND

Die onderstaande tabel illustreer die volle produksie/verbruik/voorrade situasie:-

Jaar/....

| Jaar | Ontvangste deur die Raad | Verkope aan Verpakkers | Voorraad in store van Raad |
|---|---|---|---|
| | kg | | |
| 1979 | 1 384 110 | 2 224 073 | 19 332 |
| 1980 | 1 894 489 | 1 880 345 (1) | 67 076 |
| 1981 | 3 245 185 | 3 141 284 (1) | 186 952 |
| 1981/82 | 5 051 650 | 2 022 222 | 3 216 385 |
| 1982/83 | 5 501 300 | 2 750 790 | 5 954 070 |
| 1983/84 | 6 863 000 | 3 039 385 | 9 757 000 |
| 1984/85 | 3 000 000 (2) | 2 457 000 | 10 300 000 |
| 1986 | 2 000 000 (2) | 2 800 000 | 9 500 000 |
| 1987 | 2 000 000 (2) | 3 250 000 | 8 250 000 |
| 1988 | 2 000 000 (2) | 3 750 000 | 6 500 000 |
| 1989 | 2 000 000 (2) | 4 300 000 | 4 200 000 |

(1) Beheerde verkope

(2) Beheerde produksie

5. PRYSE

5.1 Produsenteprys

Hoewel Voorskotpryse reeds vanaf 1982 konstant gehou was, was die Raad verplig om dit te verlaag met 19,6% gedurende 1985 en sal so gehandhaaf word gedurende 1986. Hoewel die voorskotte normaalweg ± 70% is van die netto produsenteverdienste, sal die 1983- en 1984-oeste geen Agterskotte uitbetaal nie, weens die verlengde opbergingstermyn en die verhoogde finansieringskoste weens hoë rentekoerse soos ervaar sedert September 1983.

5.2 Verkoopspryse van Raad aan verpakkers

Om die nodige balans met sy substitute se pryse reg te stel, en in die lig van die vraag- en aanbod wanbalans situasie, het die Raad sy verskoopspryse aan verpakkers konstant gehou gedurende 1981, 1982 en 1983 teen ± 140c/kg. Sedert 1983 is die pryse egter geleidelik verhoog, hoofsaaklik om sodoende die Raad se stabilisasieheffingsfondse te verstewig, met die doel tot delging van groter markontwikkelingskoste, moontlike oesfinansierings verliese weens hoë voorrade akkumulering, die verhoogde poelkostes, asook vir die eise teen Raad as gevolg van die kontaminasie "dilemma".

5.3 Verbruikerspryse

Hierdie prystendens het 'n invloed op die verbruikerspryse gehad, maar ander onbeheerde ekonomiese faktore het egter 'n veel groter invloed gehad, veral omdat die verbruikerspryse nie deur die

Raad/....

Raad in die handel beheer word nie, en hul op 'n vrye markgrondslag bepaal word, deur onder andere aspekte soos bemarkingskostes, vervoerkostes, finansieringskostes, arbeid, materiaalkostes, inflasie, ens.

Hoewel die prys aan die Rooibosteeraad se verpakkers met 12,7% styg oor dié periode, styg die prys in die handel aansienlik met ongeveer 31,0%. Die Raad is egter in noue kontak met die verspreiders en die handel self en is op hoogte met verskillende prysbepalende faktore.

Die markontwikkelingskoste, soos reklamering, verg groot insette om voorrade te beweeg en beloop die Raad se verpakkers se koste ten opsigte van markontwikkeling, wat tans vir die bedryf baie belangrik is, meer dan 1 miljoen rand.

6. TOEKOMSBLIK

Die huidige wanbalans tussen vraag en aanbod is egter medium termyn van aard en kan met doelbewuste produksie-afplatting en doelgerigte markontwikkeling, die balanspunt vorentoe bewerkstellig word deur die skepping van groter koördinasie tussen die produsent en die bemarker.

Met 'n beleid van beheer gegrond op die suiwer bedryfsekonomiese beginsels en die samewerking van alle sektore, kan 'n "stewige Rooibosteebedryf" vir die toekoms verseker word.

---ooo000ooo---